



JAARVERSLAG (19 Maart 2010 — 1 April 2011)

Geagte Klub-lid

Die Bestuurskomitee hou graag die volgende jaarverslag aan u voor. Dit verskaf 'n bondige oorsig van die hoogtepunte en werksaamhede van die Klub gedurende die tydperk 19 Maart 2010 tot 1 April 2011.

1. BEDANKINGS:

Verskillende ratte hou die Klub-wiel aan die draai. Ek bring met dankbaarheid hulde aan die volgende individue en groepe, waarsonder die Klub se sukses nie moontlik sou wees nie:

- Lede van die Bestuurskomitee: Fritz Swart, Andries van den Berg en Francois Esterhuizen. Hierdie span was die krag agter 'n baie suksesvolle Klub-jaar;
- Thys Oosthuizen, die Klub se Uitvoerende Beampte en Brokkies-redakteur vir die besondere toewyding en doeltreffendheid waarmee hy take, insluitend finansies, lede-administrasie, korrespondensie en die Brokkies-verwante sake behartig het;
- Die gesinne van Bestuurskomitee-lede wat baie hard werk, én dikwels tweede in die 'aandag-ry' kom, wanneer 'n Klub-taak aandag verg. Ook aan Gertjie Oosthuizen (Thys se gade) vir haar aktiewe betrokkenheid en ondersteuning soos bv. die regstaan vir vanaand se verversings;
- Alle medewerkers (insluitende kunstenaars uit ons Afrikaanse gemeenskap) betrokke by 'n verskeidenheid Klub-projekte;
- Die borge wat onbaatsugtig jaarliks die KiwiKasie-projek finansiëel en in daad ondersteun;
- Klub-lede wat met hulle lidmaatskapfoeie en ondersteuning die eerste sooi vir ons bestaan spit;
- Brokkies-adverteerders wat hierdie mondstuk finansiëel selfversorgend maak; en
- Konstruktiewe kritici wat 'n belangrike kruiskontrole-funksie verrig.

2. SLEUTELAKTIWITEITE:

Die behoefte aan dienste wat die Klub uit hoofde van sy grondwet bied, het oor die jare verander. So byvoorbeeld steun nuwe immigrante minder op die Klub om in te skakel, aangesien hulle reeds dikwels vriende of familie in Nieu-Seeland het wat hierdie ondersteunende rol vervul. Dit raak ook moeiliker om vrywilligers te werf om met projekte te help. Gedagtig aan hierdie tendens en heersende gemeenskapsbehoefte, het die Klub 'n aantal jaar gelede besluit om die kernbesigheid van die Klub tot die uitgee van **Brokkies**, aanbied van **KiwiKasie** en reël van **danse** te beperk. Hierdie resep blyk goed te werk deurdat 'n balans tussen wat die Klub **behoort te doen** (volgens ledebehoefte) en wat die Klub **kan doen** (binne die beperkinge van 'n kwynende vrywilligerskorps) gehandhaaf word.

Klubaktiwiteit dien steeds die drie fokusareas in die grondwet vervat, naamlik die gesin, kunste, en gemeenskapsuitreiking. Die volgende aktiwiteite is tydens die verslagperiode bedryf:

2.1 **Brokkies:**

Die Klub se elektroniese weekblad, wat meer as 2600 intekenaars (van binne- en buite NS) bereik, bly immergewild. Positiewe terugvoer wat gereeld van lesers ontvang word bevestig die waarde wat hierdie mondstuk, as vaandeldraer van die Klub, voortdurend tot die gemeenskap voeg. Alhoewel nuwe immigrante baie minder op die Klub vir materiële en emosionele ondersteuning aangewese is, speel Brokkies steeds 'n belangrike inligtingsverskaffings-rol, o.a. ook aan Suid-Afrikaners wat van voorneme is om na Nieu-Seeland te emigreer. Die Klub-webblad is ook 'n belangrike aanknopingspunt vir persone wat navorsing doen oor emigrasie. Brokkies-hoogtepunte in die afgelope Klub-jaar is soos volg:

- Reklame-ondersteuning van die “Groot Braai in Whanganui” met Bok van Blerk gedurende die 2010 Paasnaweek;
- Bevordering van Steve Hofmeyr se konserttoer deur NS gedurende Mei 2010;
- Bekensstelling van 'n nuutgestigte Afrikaanse kinderkoor in NS;
- Publisering van 'n sewedeel-reeks artikels oor Nieu-Seelandse Oorloë;
- Artikelreeks in drie dele oor Suid-Afrikaanse Uniewording in;
- Twee artikels m.b.t. Nieu-Seelanders se betrokkenheid by die Anglo-Boereoorlog;
- Toeligtig oor die implikasies van die nuwe Immigrasiewetgewing; en
- Blootstelling aan Afrikaanse Studente wat in Kiwi-land presteer.

Brokkies se verspreidingsformaat het onlangs, in reaksie op verhoë van intekenaars, verander. In plek van die gebruikelike teks in e-pos formaat, word die tydskrif nou as 'n PDF aanhangsel tot 'n kort aptytwekker e-pos versprei. Die nuwe formaat word deurgaans positief ontvang. Nuwe bedeling met Geelbladsye word ook gevolg – dit is nou slegs aan Klub-lede as 'n gratis diens beskikbaar.

Brokkies, onder redakteurskap van Thys Oosthuizen, gaan van krag-tot-krag en leserterugvoering getuig dat die Klub-mondstuk 'n welkome weeklikse kuiersgas in intekenaars se elektroniese posbusse is.

2.2 **Danse:**

Die Afrikaanse Klub se gebruikelike vier seisoondanse, t.w. die Herfs-, Winter-, Lente- en Oujaarsdans bly steeds gewild en is weer die afgelope jaar baie suksesvol aangebied. Bywoningsyfers bevestig dat danse 'n wesentlike gemeenskapsbehoefte aanspreek.

Gedurende die vorige Klub-jaar (2008/2009) het die Herfsdans minder ondersteuners as die ander danse gelok. Hierdie verskynsel het gedurende die pasafgelope jaar herhaal, derhalwe is besluit om nie vanjaar (April 2011) 'n Herfsdans as Klub-aktiwiteit aan te bied nie. Die musiekmakers tydens die danse, Jerry & Benita Loretz, bied vanjaar 'n temadans (30 April) in plek van die gebruikelike Herfsdans as privaatinisiatief aan. Hulle projek geniet die ondersteuning van Brokkies as promosiemechanisme.

Alhoewel danse 'n klein wins oplewer is inkomstegenerering nie die primêre oogmerk nie, maar eerder die voortlewing van 'n Afrikaans-eie kultuuraktiwiteit.

2.3 **KiwiKasie 2010:**

Tradisioneel bied KiwiKasie ook vir die Klub 'n geleentheid om na ander streke in Nieu-Seeland uit te reik deur die aanbieding van gehalte Afrikaanse vermaak. Hierdie Klub-jaar is KiwiKasie, met die Suid-Afrikaanse musiekster Dozi as hoofkunstenaar, gedurende Oktober aangebied. 'n Konsert in Auckland, asook vyf in ander streke, is gehou. Weens verskeie faktore was die inkomste uit die konserte laer as vorige jare. Dit was ook vir die Klub nodig om optredes in die kleiner streke uit reserwefondse te subsideer. Die Klub se ondersteuning maak dit vir kleiner sentra lewensvatbaar om optredes van gewilde Suid-Afrikaanse kunstenaars aan die breër Afrikaanse gemeenskappe te bied. Konsertgangers geniet die blootstelling aan Oulandse kunstenaars terdeë. Behalwe die nostalgie aan 'n Afrikaanse konsert gekoppel, is die blootstelling aan eietydse Afrikaanse musiek 'n belangrike anker in die soms ontstuiwige aanpassingssee waarin Suid-Afrikaanse immigrante hulle bevind.

2.4 **KiwiKasie 2011:**

Weens die wêreldbeker, sal KiwiKasie 2011 nie soos gebruiklik tydens die vierde kwartaal aangebied word nie. 'n Baie gewilde SA kunstenaar (naam tans 'n geheim...) sal die hoofkunstenaar wees. Daar word verwag dat vanjaar se kunstenaar 'n baie gewilde keuse sal wees. Slegs twee Noord-Eiland konserte sal gehou word. In sy hoedanigheid as Uitvoerende Beampte, koördineer Thys Oosthuizen weer die konserte.

2.5 **Uitstappies:**

Vyf uitstappies is die afgelope Klub-jaar deur bestuurskomiteelid, Andries van den Berg gereël -- twee na die Waitakeres, en die Planetarium onderskeidelik en een bosstap na die Okura reserwe noord van Torbay. Veral die jonger mense het die uitstappies goed ondersteun.

3. **LIDMAATSKAP:**

Die Klub het tans net meer as 406 gesinne in sy ledebasis. Die feit dat deelname aan Klubprojekte ook vir nie-lede toeganklik is, verseker egter dat die Klub 'n wesentliche invloed in die Afrikaanse, Suid-Afrikaanse en breër gemeenskap uitoefen.

4. **FINANSIES:**

Die Klub se finansiële sake is kerngesond en word op 'n deursigtige en verantwoordbare wyse bestuur. (Die finansiële state sal hierna, onder item 6 van die sakelys, op die keper beskou word.)

Dit was vir die huidige bestuur 'n groot voorreg en baie aangenaam om vir die 10/11 Klub-jaar in diens van Afrikaans in ons nuutaangenome-land te kon wees. Sterkte word vir die nuwe bestuur, met die belangrike en bevredigende taak wat voorlê, toegewens.

Baie dankie

Die uwe

MARTIN HEFER
Voorsitter, namens die Bestuurskomitee

1 April 2011

